

## Sing vooraf staande: Psalm 107:10 (p. 535)

- 10 Laat hul met offerande / die HERE loof en dank,  
die werke van sy hande / vermeld met klare klank;  
laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,  
Hom met hul offers prys, / omdat Hy groot en goed is.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 66:6 (p. 321)

- 6 Ek sal, verlos uit doodsgevaar, / nou dat ek weer kan asemhaal,  
my offers bring op u altare / en my geloftes U betaal.  
Ek sal laat opgaan in die vlamme / die vetste vee uit veld en wei;  
ek sal by rookwerk van die ramme / ook beeste en bokke toeberei.

## Gebed

- *Doksologie:*
  - *Aanbidding:*
  - *Skuldbelydenis:*
  - *Vergifnis;*
  - *Dank:*
  - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
  - *Algemene bede:*
  - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

## Psalm 4:3 (p. 15)

- 3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou,  
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.  
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed?  
Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!

Skriflesing: Lukas 15

Teks: Lukas 15:14-19; Heidelbergse Kategismus, Sondag 5

Behalwe die Here Jesus Christus – terwyl Hy mens was – was daar nog nooit van Adam af 'n mens  
wat sy man teen die sonde kon staan nie.

Wanneer ons sonde doen, dan gebeur daar 'n hele reeks dinge.

- Die eerste is dat die Here dadelik toornig word op ons.
- Die tweede is dat ons as gevolg daarvan dadelik onder die oordeel van die Here kom.
- Verder is dit ook nog so dat ons deur ons sondes ons van die Here vervreem.

Nou staan ons voor die vraag: Hoe kom ons terug by die Here?

- In die beeld van die gelykenis: Hoe kom ons terug in die Vaderhuis?
- Daarvoor is Jesus Christus as mens op ons aarde gebore: Sy dood en opstanding het weer  
vir ons die pad terug na die Here toe oopgemaak.

Die gelykenis vertel van 'n mens wat die sekuriteit van 'n ouerhuis verruil het vir die gedruis en  
lawaaï van die wêreld.

- Uiteindelik het die wêreld hom so uitgesuig dat hy dit daar ook nie kon volhou nie, en dat hy  
die wêreldse dinge moes verruil vir die leë kosbakke van honger varke.

- Die gelykenis laat mens voel hoe alles rondom die mens vir hom geskreeu het dat hy moet begin dink: hy moet iewers tot homself kom en sy prioriteite weeg sodat hy kan sien wat hy prysgee het, en waarheen hy op pad is.

Die Here beeld dus in hierdie gelykenis die besinningsproses uit waardeur elke mens moet gaan om tot die besef van sy sondeskuld te kom.

- Elke mens behoort op 'n punt te kom waar hy besef dat daar iets is wat baie hewiger is as liggaamlike honger of armoede.
- Hy moet besef dat die honger van sy siel na verlossing en versoening uit sy sondedood baie groter is as die plesier van hierdie wêreld.

Ons gee aandag aan twee sake:

### **1. Wanneer word mens van hierdie behoefte bewus?**

### **2. Hoe voorsien mens in hierdie behoefte?**

#### **1. Wanneer word mens van hierdie behoefte bewus?**

Normaalweg kom 'n mens tot die besef van sy sondenood wanneer hy in verleentheid raak met die lewe.

- Dis gewoonlik wanneer hy ernstig siek word, of wanneer hy meteens in groot armoede verval, en hy alles probeer maar tog nog niks kan doen om uit hierdie toestand uit te kom nie.
- Dit werk net prakties so dat 'n mens gewoonlik eers ten diepste oortuig raak van sy sondetoestand voor die Here as hy in sy lewe vasdraai en dit hom tot die besef beweeg van sy swakheid.

*Dis asof sulke ingrypende gebeurtenisse 'n mens uit al sy verwaandheid uittrek sodat hy homself in die naaktheid van sy sondesmet kan sien. Dan begin so iemand vra vir verlossing en vir 'n verlosser.*

Dis nie in alle gevalle so dat 'n mens eers deur 'n aanval van liggaamlike ellendes moet gaan voordat hy tot bekering kom nie.

- Maar dit is in alle gevalle so dat jy eers moet besef hoe ernstig sondes deur die Here beskou word.
- Hy sê dat die betaling vir die sonde die dood is.

**Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here. (Romeine 6:23 AFR1953)**

Dan eers – as jy jou eie sondedood verstaan – sal jy by die Here gaan smee om te help dat jy uit hierdie ellendige toestand kan kom.

Het u al daaraan gedink dat dit is wat ons aan die Nagmaaltafel sing in die woorde van Psalm 116:

**Om my was bande en strikke van die dood  
en angste van die hel het my laat bewe  
ek was benoud, vol droefheid was my lewe  
maar ek het die Heer gesmeek in al my nood:  
Ag, red my Heer, na U belofte!**

Dit is wanneer 'n mens sy geestelike armoede nie meer kan wegsteek nie, en wanneer alles waarop hy gehoop het van hom af wegval. Dan besef hy dat hy 'n middelaar tussen hom en God bitter nodig het.

- Dis veral as die gelowige sy lewe eerlik gaan toets aan al tien die Here se geboie dat hy agterkom dat sy eie krag net 'n puinhoop is waarop sy eie heerlijkheid besig is om uit te brand.

- Geen nood is groter as sondenood en die gapende hel voor jou nie.

As mens nou na die Bybel toe gaan en na die Tien Gebooe gaan kyk, vererger die saak.

- Die rede daarvoor is dat die wet mens ook goed laat verstaan dat die reg van die Here eis dat sonde wat teen Hom gedoen word, gestraf moet word.
- Daarom het die Here sy genade al baie vroeg laat deurskemer in die belofte dat die Messias ons straf sal dra.
- Die Here Jesus is só kwaai gestraf dat Hy moes sterf om ons sondes met God te versoen.

Jesaja 53:4-7 leer al dat die Messias al ons krankhede op Hom sal neem. Dit wys daarop dat Hy gestraf word vir ons sondes.

**Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte – dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtheid van ons almal op Hom laat neerkom. Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders – ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie. (Jesaja 53:4 AFR1953)**

- Die punt is net dat al die mense wat hierdie verlossingsbehoefte nie ervaar nie, in ewigheid tot niet sal gaan.
- Verder is dit ook so dat die mense wat nie hulle geloofsnood ervaar nie, ook nie hulle eie onmag beleef of enige vrees vir God het nie.

## **2. Hoe voorsien mens in hierdie behoefte**

Daar is verskillende maniere hoe mense hierdie spanning probeer oplos.

- Die mees algemene oplossing is dat mense deur hulle eie werke wil salig word.
- Hulle maak dan asof dit wat hulle alles doen en sê oor die Here gaan, maar as ons baie deeglik na die diepkant van hulle vertrekpunte kyk, is dit duidelik dat hulle inderwaarheid hulleself opblaas.

Sulke mense wil die dood en aanslag van die hel omseil met hulle gebede en offers en goeie werke.

- Hulle het dan altyd 'n swaar betoog dat hulleself alle inisiatief vir hulle verlossing wil hanteer.
- Hulle wil dan self 'n keuse maak dat hulle God wil dien, en ook hoe hulle Hom wil dien.

Daar is in hierdie soort van godsdienstige strewe iets van die mens wat hy wil behou.

- Hy sien nie kans om alles prys te gee nie.
- Daarom behou hy vir homself die reg om gedeeltelik of geheel in sy eie krag sy saligheid te bewerk.

U moet nou net nie dink dat dit 'n godsdienstbenadering is wat eie is net aan ons tyd nie.

- Dit was in die Here Jesus se tyd ook so.
- Onthou u die ryk jong man wat vir die Here gevra het of hy Hom kan volg (Matteus 19:16vv.)?
- Toe blyk dit dat hy gedink het dat hy al die geboeie onderhou het en dat hy daarmee sy saligheid in die hande kan kry.

*Maar die oomblik toe die Here hom beveel om alles wat hy het te gaan verkoop (sodat hy nie meer aardse middele het waarmee hy sy bestaan en saligheid kan verseker nie) en dan terug te kom en die Here te volg, toe het hy nie daarvoor kans gesien nie.*

Dit is maar presies dieselfde aanslag wat die heidene oor die eeue gehad het.

- Die Bybel leer juis iets heeltemal anders, naamlik dat dit wel 'n mens is wat die straf van die Here moet dra, maar dat daar nie 'n mens is wat dit sal kan doen nie.
- Een mens kan ook nie vir 'n ander een betaal nie, want alle mense doen sonde, en iemand wat self sondes het, kan nie vir 'n ander betaal nie.
- *Engele of diere kan ook nie vir ons versoening bewerk nie, want God se geregtigheid eis dat die betrokke skepsel wat die sonde gedoen het, die straf vir die sonde moet dra.*
- Geld kan ook nie die saak regmaak nie. Jy kan jouself nie vrykoop nie en die Here ook nie omkoop nie.

Dit beteken nou nie dat daar op geen manier verlossing moontlik is nie. Daar is, maar dan moet ons ons soektog vir verlossing losmaak van ons skepping en van alle skepsele afsien.

- Binne die skepping is daar nie 'n verlosser te kry nie.
- God self het vir ons die verlossing voorberei – Hy het die Middelaar voorsien.

Die Here kan as gevolg van ons sondes nie na ons toe kom anders as in sy toorn nie.

- En ons kan weer nie na die Here toe gaan anders as in ons sondes nie.
- Daarom het God 'n Middelaar voorsien wat mens is maar wat terselfdertyd ook God is.

Daar is 'n rede waarom die Middelaar twee nature moes hê, naamlik 'n menslike en 'n goddelike natuur.

- Die menslike natuur is omdat die sondaars mense is en die Here niemand anders as mense wil of sal straf vir die sondes wat hulle teen Hom bedryf het nie.
- Die Middelaar se goddelike natuur is omdat slegs God alleen die toorn van die Here teen die sonde sal kan dra.

Die Middelaar het toe inderdaad kom lewe en die straf van God vir die hele menslike geslag gedra.

- Hy het ons uit ons sondegebreekte toestand opgelig en ons herstel in ons verhouding met God.
- Nou is ons in die situasie dat ons volkome verlos is deur Jesus Christus, want vir die wat Hom aanbid, het hy heeltemal versoening met God bewerk.

Maar u moet net besef dat hierdie verlossing net vir mense is wat hulle onreinheid en persoonlike magteloosheid ken.

- Slegs gelowiges wat hulle sondesmet en hulle afhanklikheid van God bely, word deur die Here Jesus Christus verlos.

- Hulle hoef nie allerhande bysake by te voeg, so asof die verlossingswerk van Jesus hulpmiddels nodig het om hulle salig te kry nie.

Hulle het:

- vergewing van sondes,
- herstel van die beeld van God in hulle, en
- ewige vreugde

Wanneer hulle in die oordeel kom, is die deure van die hel vir hulle toegesluit, en kry hulle deur die bloed van die Here Jesus Christus toegang tot God se ewige koninkryk.

Kom ons lees wat die Heidelbergse Kategismus Sondag 5 hiervan leer:

**Vraag 12: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?**

**Antwoord:** God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word (a). Daarom moet ons òf deur onself òf deur 'n ander ten volle betaal (b).

(a) Gen 2:27; Eks 23:7; Eseg 18:4; Matt 5:26; 2 Tess 1:6; Luk 16:2. (b) Rom 8:4.

**Vraag 13: Kan ons deur onself betaal?**

**Antwoord:** Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter (a).

(a) Job 9:2; 15:15, 16; 4:18, 19; Ps 130:3; Matt 6:12; 18:25; 16:26.

**Vraag 14: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?**

**Antwoord:** Nee, want Ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie (a). Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie (b).

(a) Eseg 18:4; Gen 3:17. (b) Nah 1:6; Ps 130:3.

**Vraag 15: Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?**

**Antwoord:** So een wat 'n ware (a) en regverdige (b) mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is (c).

(a) 1 Kor 15:21; (b) Heb 7:26. (c) Jes 7:14; 9:5; Jer 23:6; Luk 11:22.

**Amen.**

Slotgebed

Slotsang: Skrifberyming 5-3:1 (8:1)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskryf van Gods verborgenhede.  
U 's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 27 Maart 2011